



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 4

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 2: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderrig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalinge van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronnemateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gebruik te maak as deel van die onderwys hulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Noordewind spog eendag dat hy baie sterk is. Son redeneer dat daar agter `n sagte aanslag baie krag kan steek. "Kom ons hou `n kompetisie," sê Son. Ver onder hulle is `n boervrou besig om haar wintergroente te plant. Sy het `n warm wintersjas aan. "Om te toets wie van ons die sterkste is," sê Son, "kom ons kyk wie van ons kan daardie vrou haar jas laat uittrek." "Dit sal vir my baie maklik wees om haar te dwing om haar jas uit te trek," spog Wind. Wind waai toe so woens dat die voëls aan die bome moet vasklou. Die hele wêreld is vol stof en blare. Hoe harder die wind blaas, hoe stywer hou die bewende boerin haar jas vas. Toe kom Son agter `n wolk uit. Son verhit die lug. Die boervrou knoop haar jas los. Son skyn helderder en helderder. Gou kry die boervrou so warm dat sy haar jas uittrek en in `n skadukol gaan sit. "Hoe het jy dit reggekry?" wil Wind weet. "Dit was maklik," sê Son. "Ek het net die dag stadig maar seker warmer en warmer gemaak. Ek het op `n sagte manier my sin gekry.

- 1.1 Skryf in jou eie woorde wat die hoofgedagte van hierdie storie is. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. (1)
- 1.2 Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan. Noordewind hou van ...
- A spog.
B kla.
C redeneer.
D slaap. (1)
- 1.3 As jy kon kies, sou jy Son of Wind wou wees? Gee `n rede vir jou antwoord. Skryf `n vol sin. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. (1)

- 1.4 Voeg die regte woord in.
Noordewind spog eendag dat hy baie _____ is. (1)
- 2.1 Wat het die boervrou buite in haar tuin gedoen?
Beantwoord die vraag in `n vol sin. (1)
- 2.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.
Son skyn net ...
- A helderder.
B donkerder.
C flouer.
D stadiger. (1)
- 2.3 Skryf `n kort sin om te verduidelik wat die voëls gedoen het toe Wind
harder en sterker begin blaas het. (1)
- 2.4 Gee EEN rede hoekom die boervrou haar jas uitgetrek het. (1)
- 2.5 Watter karakter in die verhaal hou van groente? (1)

3. Lees die paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

As jy nie luister nie is die gevolge van jou optrede partykeer `n groot probleem.

Oorsaak en gevolg.

Jannie het nie vandag in die klas geluister nie. Hy was besig om met sy selfoon te speel terwyl juffrou gepraat het. Die selfoon was onder sy bank weggesteek. Sy juffrou het vir hom `n boodskap gegee en hy het haar geïgnoreer. Hy het eers saam met Paul en sy maats sokker gespeel, want sy ma kom gewoonlik eers later. Toe hy by die skoolhek kom was sy ma nie daar om hom te kom haal nie. Die boodskap was dat hy saam met sy ouma huis toe moes gaan. Nou moet Jannie huis toe loop. Sy tas is swaar en dit is baie warm. Hy het nog baie huiswerk om te doen, en dit neem hom 'n uur om huis toe te stap. Hy weet dat hy nou in groot moeilikheid is. Sy ouma is oud en sal baie kwaad wees omdat sy die hele pad


- 3.1 Hoekom het Jannie nie gehoor wat sy juffrou vir hom gesê het nie? (2)
- 3.2 Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan.
Die gevolg van Jannie se ongehoorsaamheid is dat ...
- A hy huis toe moes stap.
- B hy `n prys gewen het.
- C sy ouma baie gelukkig was.
- D sy juffrou trots was op hom. (1)
- 3.3 Skryf in `n volledige sin wat Jannie na skool gedoen het voordat hy agtergekom het dat hy huis toe moes stap. (2)
- 3.4 Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is.
Die oorsaak van jou optrede kan later vir jou slegte gevolge hê.
As jy luister wat juffrou vra en jou opdragte voltooi sal jy
nooit in die moeilikheid kom nie.____
Jy moet ook altyd reëls gehoorsaam.____ (2)

3.5 Plaas die woorde in die kolom waar dit pas.
 gehoorsaam ongehoorsaam betroubaar onbetroubaar.

KOLOM A Positiewe optrede	KOLOM B Negatiewe optrede
3.5.1	3.5.3
3.5.2	3.5.4

(2)

4. Bestudeer die bostaande inligtingstekens en beantwoord die vrae.



4.1 In Blok A beteken die inligtingstekens dat niemand op daardie plek mag parkeer nie. Skryf in jou eie woorde wat die inligtingstekens in Blok C beteken en hoe jy voel as jy hierdie teken sien.
 Ek voel_____.

(2)

4.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.
 Blok B dui ...

- A 'n inligtingskiosk aan.
- B 'n restaurant aan.
- C aan dat ons nie daar mag parkeer nie.

(1)

5. Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

Skryf in vir die **Dramafees** en **wen** 'n groot **prys** vir jou skool!

Verversings word verskaf. Daar word **feesgevier**. Dit is **pret!!!**

*Droom jy daarvan om 'n **akteur of aktrise** te word?*

*Brand jy om jou eie **toneelstuk** te skryf?*

*As jy lief is vir **drama** en jy is tussen*
12 en 20 jaar oud ...

So vinnig soos blits!!

DESEMBER Besoek die Towerteater.

- 5.1 Vir wie is hierdie advertensie geskryf? Skryf jou antwoord in `n vol sin. (1)
- 5.2 Die Dramafees sal plaasvind by die ...
- A Towerteater.
 - B Toringteater.
 - C Towersteater.
 - D Taalteater. (1)
- 5.3 In watter maand sal die Dramafees plaasvind? (1)
- 5.4 Voltooi die volgende vergelyking:
So vinnig soos _____ (1)

6.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Die Dramafees sal ... wees.

A prettig

B eentonig

C hartseer

D vervelig


(1)

6.2 Gee 'n rede hoekom jy dink dat tienjarige kinders nie na die fees moet gaan nie.

(1)

7. Vluglees deur die onderstaande inligtingsteks en vind die korrekte antwoorde.

'n Grafiek of diagram verskaf vir lesers baie inligting. Soms kan jy net vluglees en inligting oor sekere onderwerpe insamel. Die onderstaande sirkelgrafiek verskaf inligting oor vervoer.



7.1 Wat is die ongewildste vorm van vervoer? (2)

7.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord.

54% mense maak gebruik van ...

A eie vervoer.

B treine.

C busse.

D minibustaxi's. (2)

7.3 Gee 'n rede hoekom jy dink daar so min mense van openbare vervoer gebruik maak. Skryf 'n vol sin (2)

7.4 Voltooi:
'n Grafiek verskaf _____.

Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Grafieke is navorsing wat mense gedoen het om opnames te maak _____. (2)

8. Lees die onderstaande resep en volg die instruksies.

Groentesop

Probeer hierdie sop. Dit is propvol vitamienes en minerale. Dit is ook voedsaam en gesond. Hierdie sop kan op 'n elektriese stoof, gasstoof of op 'n paraffienstoof gemaak word. Jy kan selfs 'n vuur maak en hierdie sop op die kole kook.

Benodighede:

3 eetlepels olie

1 ui

3 geelwortels

1 koppie droë bone

2 teelepels sout

1 liter water

Metode:

1. Week die bone oornag.

2. Gooi die water van die bone af.

3. Skil die wortels en sny in skyfies.

4. Kap die ui fyn.

5. Gooi die olie in 'n kastrol en verhit.

6. Braai die ui en die wortels

7. Voeg die bone, water, en sout by.

8. Kook tot sag.

- 8.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.
Sop word ...
- A gekook.
B gebraai.
C gesoteer.
D gestoom. (1)
- 8.2 Is hierdie sop gesond vir mense? Gee `n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.3 Sal jy hierdie sop in die veld kan maak as jy geen elektrisiteit het nie?
Gee `n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.4 Voltooi:
Hierdie sop is voedsaam en _____ . (1)
- 9.1 Susan het deurmekaar geraak met die metode van die sop.
Rangskik die stappe in die korrekte volgorde. Nommer dit van 1 tot 4.
- ___ Skil die wortels en sny in skyfies.
___ Gooi die water van die bone af.
___ Week die bone oornag.
___ Kap die ui fyn. (1)
- 9.2 Pas die sinne en woorde in Kolom A by Kolom B.
Kap die ui fyn.
Sout.
Week die bone oornag.
Olie.

KOLOM A	KOLOM B
Benodighede	Metode
9.2.1	9.2.3
9.2.2	9.2.4

(1)

- 10.1 Skryf die sin in die *teenwoordige* tyd.
Mamma het sop gekook. (1)
- 10.2 Voltooi:
Ons maak groentesop van ...
- A neute.
 - B groente.
 - C kaas.
 - D vrugte. (1)
- 11.1 Voeg die enkelvoudige sinne saam deur gebruik te maak van 'n
voegwoord.
- A Ek is moeg. Ek het hard geoefen.
 - B Johan doen goed in sy skoolwerk. Hy werk hard. (2)
- 11.2 Verbind die sinne. Gebruik die woord tussen hakies.
- A Ons het begin skoolgaan. Ons was sewe jaar oud. (want)
 - B Susan is gesond. Sy eet vrugte en groente. (omdat) (2)
- 12.1 Onderstreep die korrekte *voorvoegsel*.
- A Sy is verbaas oor haar rapport.
 - B Hy ontken hy skuldig is. (2)
- 12.2 Vorm nuwe woorde deur 'n *voorvoegsel* voor elke woord
te voeg:
- slaap
 - staan (2)

- 12.3 Gee die sinonieme van die volgende woorde wat deur voorvoegsels gevorm is:
begin
herdenk (2)
- 13.1 Vul die afkappingstekens op die korrekte plek in.
mas__
pas____ (2)
- 13.2 Voltooi die onderstaande sinne deur die regte woord in te voeg.
Voorbeeld: Susan is opgewonde, want nou is die pop hare.
Johan het `n hoed, die hoed is _____
Mamma het `n resepteboek geskryf. Die boek is _____ (2)
- 14.1 Lees die onderstaande inligting en som dit in `n tabel op.

Om op vakansie te gaan is groot pret. Johan en Susan pak gewoonlik tasse met handdoeke, klere en hoede. Mamma pak weer sout, peper, kaas, brood, beskuit en koekies in. My pa pak sy swembroek en skoene in.
My suster pak vir haar `n aandrok in, want sy hou van dans.


Kies enige VIER woorde uit die leesstuk en rangskik dit in die regte kolom.

KOLOM A Bagasie/Klerasie	KOLOM B Kruideniersware
14.1.1	14.1.3
14.1.2	14.1.4

(4)

- 14.2 Maak `n lys van al die persone se name wat moet inpak vir die vakansie. (4)

15. Bestudeer die prent en voer die instruksies uit.



15.1 Skryf SES sinne met die nodige hoofletters en punte in paragraafvorm en vertel wat jy dink in hierdie prentjie gebeur. Skryf jou eie storietjie. (6)

15.2 Skryf SES sinne in jou eie woorde. Gebruik die raamwerk om jou te help.

Bestudeer die prentjie en beskryf wat hier gebeur. Jy kan die onderstaande leidrade gebruik om jou te help.

Jy moet volledige sinne neerskryf.

Leidrade:

Hospitaal mamma rolstoel Petru verpleegster dokter hysbak. (6)